

## Dinsdag 19 Maart

**Skrifgedeelte: Josua 15:1-19**

**Fokusgedeelte: Josua 14:10-12;  
15:13-19; 17:14-18**

### **Die Heilige Gees maak ons vrymoedige kinders van God wat ons erfdeel in besit neem en ontgin**

Ons kan so verslae staan voor terugslae en probleme, selfs onvergenoegd. Dan is ons lewensdeel nie meer vir ons goed genoeg nie. Ongeloof en vrees verlam 'n mens wanneer ons die trou van die Here nie meer reken in ons lewe nie.

Ondanks Kaleb se omstandighede onder die 40 jaar se swerf in die woestyn en ontberinge, was sy motivering die belofte wat die troue Here aan hom gemaak het. Nou het hy dit ontvang, maar dit is nog onbruikbaar. Die Enakiete wat daar woon, is werklik reuse, met hulle voorvader Arba as 'n uitstaande voorbeeld. Daarby is dit moeilike bergwêreld. Hoe verwerklik ons die belofte van die Here wanneer Hy dit aan ons gegee het?

Deur vergenoegd en dankbaar te wees: Kaleb was dankbaar vir sy toegekende besitting. Met werk en toewyding ontgin hy sy erfdeel; met net die hulp van sy familie oorwin hy die groot en sterk inwoners. Hy ruim Hebron en omstreke op. Hy betrek sy grond en het sekerlik ontbos en bewerk, soos wat Josua vir die Efraimiete aan die hand doen (17:15) en vrugbare landbougrond ingelyf. Hy kon selfs vir sy kinders goeie grond gee. Hy het berge versit!

In skerp kontras staan die Efraimiete met hulle onvergenoegdheid, terwyl volgens alle berekening hulle meer as genoeg gekry het vir hulle getalle. Ook was hulle probleme nie groter as Kaleb s'n nie. Die gelowige Kaleb gaan werk met vertroue in die Here, sy Verbondsgod; met dankbaarheid vir die gawe van die troue Here.

Ons Here Jesus Christus het in die stryd en aanvegtinge wat Hy moes deur, in vertroue op sy Vader die lyding verduur ter wille van die heerlijkheid wat vir Hom in die vooruitsig was (Heb. 12). Hy roep ons op om met die oog gevestig op Jesus, die Begin en Voleinder van die geloof, ons wedloop met volharding te hardloop, dan sal ons nie geestelik moeg word en uitsak nie. Ons weet ons kan dit nie alles nou al ten volle verkry nie, en het nog nie, maar in die woorde van Paulus span ons ons in om dit alles ons s'n te maak omdat Jesus ons reeds syne gemaak het (Fil. 3:12).

Alles word bepaal deur hoe jy God hier sien en leer ken: Glo jy nog bo alles dat sy beloftes vasstaan, dat Hy almagtig is om ons tot daar te lei? Is ons bereid om ter wille van die beginsels van God se Woord mense se guns en wat daarmee gepaardgaan, te verloor omdat jy Christus bely in jou optrede? Daarby vergenoegdheid: Kaleb vra nie besondere seën nie, net wat beloop is. Die daaglikse brood is genoeg. So moet ons bid – vir niks minder nie, niks meer nie.

Nie 'n formule-gebed soos in die ophef oor Jabes nie, maar die formule van Kaleb: Godsvertroue, dankbaarheid en toegewyde ywer in God se diens. Die betroubare God sal sy kinders se arbeid seën (Ps. 127).

*Sing: Skrifberyming 7-2:1, 2*

*Ds. J Malan (Jan) (Burgersdorp)*